

# 17

## DIE TENT VAN ONTMOETING

# Ons het die Here altyd by ons

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat ons nie sonder God kan lewe nie.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die kinders moet –

- weet God wil ons naby aan Hom hê.
- weet God vereis gehoorsaamheid aan Hom.
- weet God wil graag met sy kinders praat.
- weet God vergewe sy kinders en begin elke keer weer nuut met hulle.
- die tien gebooue ken.

#### Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat God by ons is.
- opgewonde wees omdat ons enige tyd op enige plek met God mag praat.

#### Vaardigheid

Die kinders moet –

- kan vertel hoe God by hulle is.

### MEER INLIGTING (Eksodus 19, 20, 32-34)

Ons het al gehoor hoe God met die tien plae sy volk Israel uit Egipte gered het. Daarna laat Hy hulle veilig deur die woestyn trek. Hy was die heertyd, dag en nag, by hulle – Hy trek in die dag voor hulle uit met 'n wolkkolom en in die nag met 'n vuurkolom. Hy lei sy volk droogvoets deur die Rietsee, terwyl die farao se manskappe verdrink. Hulle kry ook elke dag manna en kwartels om te eet. God was waarlik by sy kinders.

Hy leer hulle ook in die tien gebooie hoe om gehoorsaam aan Hom en in liefde met mekaar te lewe. Terwyl Moses op die berg Sinai die tien gebooie op twee kliptafels by God kry, was die volk ongehoorsaam. Hulle raak verveeld en verskriklik moedswillig. Hulle laat Aäron 'n goue kalf bou wat hulle kon aanbid. Hulle het mos 'n god gesoek wat hulle kon sien. Die werklikheid was dat hierdie dooie beeld niks vir hulle gedoen het of iets goeds vir hulle beteken het nie.

God was baie teleurgesteld in sy volk wat so maklik hulle rug op Hom gedraai het. Hy wou hulle straf en nie meer saam met hulle trek nie. Hy was baie kwaad vir hierdie moedswilligheid van sy kinders.

Moses het baie goed geweet dat hierdie volk nie 'n kans gehad het om alleen deur die woestyn te trek nie. Hy weet daar is nie 'n manier hoe hulle sonder God se hulp en krag dit sal maak nie. Hy weet hoe kosbaar God se teenwoordigheid vir hulle is.

Om God se nabyheid te ervaar, het Moses 'n spesiale plek laat oprig. Dit het bekendgestaan as die *tent van ontmoeting*, waar enigiemand na die wil van die Here kon gaan vra.

Moses se gesprek met die Here was direk, soos wat jy met jou maat sal praat. Moses het met God gepraat, soos 'n man met sy vriend.

Moses het die behoefte om God se magtige verskyning te sien, soos wat ons elkeen ook die een of ander tyd het. God se antwoord is duidelik: *Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.*

God het altyd vir sy volk weer 'n nuwe kans in die lewe gegee. Hy besluit om hulle nie te los nie. Hy trek elke keer weer saam. Dit was in hierdie teenwoordigheid van God dat die volk baie wonders beleef het. Saam met God het onmoontlike dinge moontlik geword. Hy was getrou en het vir 40 jaar lank saam met hulle getrek. God was altyd by sy volk, bedags in die wolkkolom en snags in die vuurkolom.

Die tent van ontmoeting, wat ook bekendgestaan het as die tabernakel, het nou saam met die volk getrek. Dit is saamgedra en volgens God se voorskrifte opgeslaan waar daar gekamp is. So het hierdie spesiale ontmoetingsplek die teken geword dat God teenwoordig is by sy volk. God het in die Allerheiligste die hoëpriester ontmoet wat namens die volk hierdie heilige woonplek van God betree het. Die volk kon nie self direk met God gaan praat nie. Die tydelike tent van ontmoeting – die tabernakel – het later sy permanente plek in Israel gekry as die tempel wat deur Salomo gebou is.

Dit sou eers in die Nuwe Testament wees dat Jesus hierdie skeiding tussen God en mens, dat net die hoëpriester met Hom mag praat, kom afbreek. Toe Jesus aan die kruis sterf op Golgota, het die tempelvoorhangsel, dit is die gordyn wat die Heilige en die Allerheiligste geskei het in die tempel, van bo tot onder geskeur. So het God deur Jesus vir ons elkeen vrye toegang gegee tot Hom. Ons kan nou in God se teenwoordigheid leef, elke dag, enige plek. God is naby ons. Jesus is Immanuel, wat beteken God is met ons. Meer nog, God is in ons deur die Heilige Gees wat in ons woon.

## AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- A5-grootte karton vir elke kind.

## KOM ONS BEGIN

Lees Matteus 1: 20b-23 en open met 'n gebed.

*“Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. <sup>21</sup>Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” <sup>22</sup>Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: <sup>23</sup>“Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die naam beteken God by ons.*

## HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of hulle –
  - o iemand in hulle gesin help met 'n buitengewone taak om hulle naasteliefde te bewys. Hulle skryf neer wie die persoon is en waarmee hulle gehelp het.
  - o iemand buite die gesin gaan help om hulle naasteliefde te bewys. Hulle skryf neer wie die persoon is en waarmee hulle gehelp het. (Hulle ouers moes hiermee help.)
  - o Matteus 22: 37-40 uit hulle kop gaan leer het: *Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ In hierdie twee gebooië is die hele wet en die profete saamgevat.”*

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

God het die Israëliete uit Egipte uitgelei. Hy was die hele tyd by die volk; Hy het vir hulle gesorg en hulle beskerm. Vir 40 jaar lank het die Here saam met sy volk deur die woestyn getrek.

### IETS INTERESSANT

Maak 'n bondige opsomming van MEER INLIGTING en dra dit aan die kinders oor.

### IETS BELANGRIK

Lê die volgende feite vas:

- God het elke dag in die woestyn vir sy volk gesorg en vir hulle nuwe kanse gegee.
- Moses het geweet dat die volk nie sonder God kan lewe nie.
- Daarom het hy besluit om 'n spesiale plek, die tent van ontmoeting, te laat oprig.
- Later het dit bekend geword as die tabernakel.
- Nog later is 'n permanente plek, die tempel in Jerusalem, gebou.
- In hierdie ontmoetingsplekke was die Allerheiligste – God het daar “gewoon”.
- God het net die hoëpriester, wat namens die volk hierdie heilige woonplek mag betree, ontmoet.
- God se volk het ook die tien gebooië ontvang.
- Hulle moes dit gehoorsaam.
- Dan sal die Here altyd by hulle bly.
- Met Jesus se kruisiging is die skeiding tussen God en die mens afgebreek toe die tempel se voorhangsel middeldeer skeur.
- So het God nou tot by ons almal gekom en by ons kom bly.
- Ons kan enige tyd op alle plekke onder alle omstandighede met God praat.
- Deur die Heilige Gees woon Hy in ons.

### IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind 'n karton.
- Laat hulle twee kliptafels soos die voorbeeld in hulle boek daarop teken.
- Hulle gaan die karton gebruik om hulle tuisopdrag te voltooi.

Verdeel die kinders in groepe van minstens twee elk as dit moontlik is. Hulle soek die antwoorde uit die Skrifgedeeltes en skryf dit in hulle boeke.

Wie lei die Israeliete uit Egipte? (Eksodus 3: 10)	God gebruik Moses om die Israeliete uit Egipte te lei.
Deur watter see het die Israeliete getrek? (Eksodus 13: 18 en 15: 22)	Deur die Rietsee.
Wat het God aan die volk voorsien om te eet? (Eksodus 16: 8, 13-16 en 31)	Hy het vir hulle brood (manna) en vleis (kwartels) gegee om te eet.
Hoe het God die volk in die dag en nag deur die woestyn gelei? (Eksodus 13: 21)	Hulle is bedags met 'n wolkkolom en snags met 'n vuurkolom deur die woestyn gelei.
Wie het die tien gebooië op die berg ontvang? (Eksodus 32: 19 en 34: 1)	Moses.
Op watter berg het die Here vir Moses die tien gebooië gegee? (Eksodus 34: 2)	Op Sinaiberg.
Hoe was die volk aan God ongehoorsaam? (Eksodus 32: 1-4)	Hulle het moedswillig geword en 'n goue kalf gemaak wat hulle kon aanbid.

Wat het Moses laat oprig om God se nabyheid te ervaar? (Eksodus 25: 8 en 39: 32)	Moses het die tabernakel, die tent van ontmoeting, laat oprig.
Die tent van ontmoeting het ook bekend-gestaan as die ..... en het saam met die volk getrek. (Eksodus 39: 32)	Die tent van ontmoeting het ook bekend-gestaan as die tabernakel en het saam met die volk getrek.
Waarvan het die spesiale ontmoetingsplek 'n teken geword?	Dit het die teken geword dat God teenwoordig is by sy volk.
Kan jy as gelowige sonder God lewe?	Nee, ek kan nie sonder God lewe nie.

Kom weer in die groot groep byeen en bespreek die antwoorde.

### BY DIE HUIS

Laat hulle –

- die tien gebooe op die twee kliptafels wat hulle geteken het, gaan skryf.
- 'n kort paragraaf skryf waarin hulle sê hoe God naby hulle is en hulle help wanneer hulle swaarkry.
- Eksodus 20: 1-17 gaan leer.
- wat dit nie kan baasraak nie, die kort samevatting van die tien gebooe in Les 18 by HET HULLE ONTHOU gaan leer.

### AFSLUITING

Lees Psalm 105: 10 uit die Liedboek, waarna een van hulle afsluit met gebed.

*Sy honger volk het Hy genadig  
met kwartels en met brood versadig.  
Hy het hul toe met hemelkos  
van hongersnood en dood verlos.  
Hy het, toe hul om water smeek,  
die rots vir hulle oopgebreek.*